Philopold lê uit waarom JaHWeH mens moes word

# 183 **Philopold** sê: **(VERVOLG)**

[17] Dit het ook `n tyd lank gebeur. Maar U het Self gesien dat die mens deur die strenge navolging van die een gebod uiteindelik tog nie die hoë graad van selfstandigheid sou kon bereik wat U hom toegedig het nie.

[18] Om dit te bereik, moes die mens eers nog dieper en verder van U geskei word. Hy moes faal en val, en dan eers in die totale afgesonderdheid van U, baie moeisaam en onder allerlei verleidings en moeilikhede weer heeltemal opnuut tot homself kom, en met `n neerslagtige en berouvolle hart na U op soek gaan.

[19] Toe die mens wat so geval het, homself op die moeitevolle wyse uit sy diepste diepte weer tot U opgerig het, het U hom weer tegemoet gekom, het U Uself opnuut in `n baie meer uitgesproke vorm vertoon, en ook in `n meer uitgebreide openbaring wat die mense onderrig, en het hulle die groot belofte gegee van dit waarmee U nou voor ónse oë ten volle en grondig begin het. U het vir die mens `n volmaakte medemens geword sodat hy in alle toekomstige ewighede heeltemal selfstandig teenoor U sal kan staan en sodat U Self daardeur die groter en beslis geluksaliger genot sou hê om nie langer as `n oneindige en daardeur nooit sigbare en voelbare Elohim, Meester en Vader teenoor U kinders te staan nie, maar as `n sigbare, liewe Vader wat die kinders kan liefhê en wat al die goeie kinders persoonlik in Sy wonderhemel kan binnelei.

[20] Watter saligheid sou dit dan ook vir `n oneindige Elohim gewees het as Hy sy liewe kinders wel sou kon sien, maar as hulle Hom maar net as `n oneindige ligsee te siene sou gekry het?! Tans het U vir die mense wél die hoogste saligheid berei en as waaragtige, enige en liefdevolle Vader van U kinders, ook U Self!

[21] Want watter vreugde sou U Self aan die beste en suiwerste van harte van al U kinders kon belewe as U verseker geweet het dat hulle U in ewigheid nooit sou kon sien of hoor praat nie?!

[22] Dus, terwille van Uself en die mense het U, o Meester, dit alles gedoen, sodat die reine geluksalig in U sou word, en U deur hulle ook die hoogste voorreg en die hoogste saligheid sou kon geniet!

[23] En as alle engele nou uit die hemele afdaal en vir my `n ander hoofmotief sou aangee vir U huidige, volledige en selfs formeel stoflike menswording, dan sal ek my menswees vir ewig opgee en sal ek wil ophou om te bestaan, of ek sal vir ewig `n dier wil wees!

[24] As U, o Meester, nie die liefde in U sou gehad het nie, dan sou U nooit van die ewigheid af ook maar één van U glansryke idees in die sigbare bestaan `n vorm gegee het nie. Maar omdat U Self in U goddelike hart `n groot welgevalle gehad het aan U wonderbaarlike, glansryke en groot idees, en daarvan gehou het nog voordat U eindelose wysheid en mag dit in die uiterlik sigbare, en deur U krag in stand gehoue wêreld gevorm het, dwing U liefde U, omdat Sy ook altyd gloeiender en aktiewer word, om aan U idees `n bestaan buite U Self, en daarom ook `n daaropvolgende lewe, te gee.

[25] Die lewe is egter tog niks anders as U hoogste, magtigste en suiwerste goddelike Liefde nie!

[26] Die lewe van alle skepsels is vervul met hierdie liefde van U, ja, hulle hele wese is maar net U liefde, en alle vorms is ook maar net U liefde! Alles wat ons hoor, sien, waarneem, ondervind, voel en proe is slegs U liefde! Sonder hierdie liefde sou `n son nooit `n aarde verlig het en haar vlakte bevrugtend verwarm het nie!

[27] Maar as slegs U Liefde alleen dit alles met U heerlike oer-idees gedoen het, sou Sy dan daarna niks vir Haarself doen om juis in alle wesens wat deur Haar ontstaan het, dit volledig te bereik wat Haar in die oerbegin in Haarself gedwing het om die gevormde idees `n vry, selfstandige lewe te verskaf nie?!

[28] Ek is nou van mening dat ek die volle waarheid gepraat het, wat duidelik aangee dat U, ewige Elohim, deur `n innerlike dwang ook noodsaaklik in die tydelike `n mens moes word soos ons!

[29] En ek glo ook hiermee, vir sover dit vir die menslike wysheid moontlik is, dat Ek in die algemene U gestelde vraag heeltemal beantwoord het! - Ek vra U, o Meester, om aan my U oordeel daaroor nou duidelik mee te deel."

***Die taal van die hart***

# 184 Almal verbaas hulle oor die diep insig en die wysheid van Philopold. Kisjonah bekyk hom van top tot tone, en verstaan nie hoe dit moontlik kan wees dat hierdie mens, waarvan elkeen goed geweet het dat hy baie ervaring gehad het, nou opeens vir almal met sy diepgaande wysheid so buitengewoon verbaas sodat selfs **Mathael** sê: "My begrip is ook nie gering nie, maar in hierdie diepte was my gees nog nooit deurdring nie! Sy gees of siel moet wel op `n ander en hoë wêreld onderrig gekry het!"

[2] Ook Jarah kyk ondersoekend na die wyse man en van louter verbasing oor sy wysheid weet sy nie waaraan sy toe is nie.

[3] Maar **Ek** sê aan hom: "Sien jy nou, beste vriend en broer, hoe goed jy jou nou van jou taak gekwyt het. Jy het met die beantwoording van My vraag wat aan jou hart gestel is, die spyker op die kop geslaan!

[4] Ek sê jou dat jy in My Naam nou getrou, waar en baie verstaanbaar die volle waarheid aan al My leerlinge, vriende en broers uitgelê het, en dat Ek daar nou niks anders hoef by te voeg nie as: Dit is so. Met alle sake, dinge en wesens is dit van ewigheid af so gesteld!

[5] Kyk, daarin sit meer wysheid as in die hele Hooglied van Salomo, wie daar uit die aard van die saak net so min van verstaan het as wie ookal, want as hy begrip sou gehad het, sou hy nie later in alle sondes van die sondes verval het en ten gronde gegaan het nie!

[6] Soek julle almal daarom slegs in julle hart die wysheid en die regte openbaring uit My, dan sal julle dit maklik verstaan en vir julle hele lewe en vir ewig behou!"

[7] **Petrus** sê daarop: "Maar Meester, ons is nou ongeveer nege maande lank altyd by U en in U omgewing, waarom sien ons dan geen kans om so te praat soos hierdie vriend uit Kana by Kis nie?"

[8] **Ek** sê: "Die Romeine het `n spreekwoord, wat sê: Non statim fit Mercurius!* En so is dit ook ongeveer by julle, en Ek Self sou julle so nou en dan eers goed wou vra: Hoe lank sal Ek julle nog moet verdra voordat julle diep in julle hart iets sal kan verstaan en begryp? *(*`n hout Klaas word nie gou `n koopman nie.)*

[9] Ek het tog al so baie vir julle gesê dat julle nie in julle kop nie, maar alleen in julle hart moet gaan dink om die volle waarheid te bereik wat julle werklik sou vrymaak! Waarom doen julle dit dan nie, en bly julle liewer by die stoflike wat niks bevat en niks kan gee nie?! Doen wat Ek julle leer, dan sal ook julle, netsoos Philopold nou, in ware wysheid praat!"

[10] **Petrus** sê: "Meester! Dit probeer ons al dikwels, maar dit slaag maar nie met die dink in die hart nie. So nou en dan voel ek - nie so baie werklike gedagtes nie, maar veeleer baie feitelike woorde in my hart. Die woorde kan ek tog geen gedagtes noem nie, want dit kom my voor asof hulle, nadat hulle in die kop uitgedink was, eers in my hart te voorskyn kom!"

[11] **Ek** sê: "Dit is `n begin, oefen julle daarin, dan sal julle weldra sover kom dat julle in julle hart tot die diepste en mees vrye gedagtes kom!"

[12] **Petrus** sê: "Ek dank U, ewige, goeie Meester, as dit so is, sal ons gou verder kom!"

[13] **Ek** sê: "Ja, ja, maar nie geheel en al vóór My tuiskoms nie, daarna egter wel!"

[14] Dit verstaan niemand aan tafel nie, en mense vra wat Ek daarmee bedoel het.

[15] Maar **Ek** sê: "Dink julle dan dat die Menseseun soos nou tot aan die einde van die aarde liggaamlik onder die mense sal wandel en leer en wonders doen?!

[16] Ja, Ek sal wel tot aan die einde van die aarde onder die mense wat van goeie wil is, troostend, versterkend, opwekkend, lerend en ook wonders bly doen, en Ek sal ook by almal wat My waaragtig liefhet en My gebooie hou, kom en My aan hulle openbaar, - maar nie in die sterflike liggaam nie, maar in die verglansde en ewige onsterflike! Wie dit verstaan het, moet dit goed onthou!"

[17] **Die leerlinge** sê: "Meester, ons dink dat ons wel begrip gehad het, - maar dit kan ons tog nie verstaan nie!"

[18] **Ek** sê: "Ek hou julle daarvoor ook nog lank nie verantwoordelik nie! Elke leerling het `n sekere tyd nodig voordat hy in dit wat hy leer, tuis is en alles sal weet. As hy sover sal wees, hou hy op om leerling te wees, en is hy vanaf daardie oomblik eers vir uiteindelike, latere foute self verantwoordelik! Daarom is dit nie julle fout as julle nou nog nie baie verstaan nie, maar later sal dit anders wees! - Nou moet ons egter kalm wees! Daar gaan dadelik iets gebeur wat ons baie werk sal gee!"